

Hoofstuk van die dag: Filippense 2

> *Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer_ (Fil 2:12-13)*

Die 1953-vertaling het gelui: “Werk julle eie heil uit met

vrees en bewing.” Jy is self verantwoordelik vir jou geestelike vordering. Dit is wat Paulus hier veronderstel: dat die heil, God se verlossingsplan, in jou lewe uitgewerk moet word, dat daarmee gevorder moet word, dat daar groei sal wees op die geloofspad. Jy moet jou daarop toelê (vers 12).
Is dit nie juis die probleem hoekom daar dikwels so min lig van ons lewens skyn (vgl vers 15) nie, omdat so baie van ons nie juis vorder op die geloofspad nie? Omdat ons slagoffers bly van dieselfde slegte gewoontes, slawe van dieselfde versoekings, skuldig aan dieselfde mislukkings? Jaar na jaar na jaar? Kan jy op hierdie oomblik aan iets dink wat vir jou ’n groot probleem was, maar wat jy te bowe gekom het? Dalk ’n vinnige humeur, of ’n skindertong, of lelike taal, of liefdeloosheid? Of kroniese twyfel?
As ons getrou wil wees aan ons roeping, sal ons ons daarop moet toelê om soos verloste mense te lewe elke dag.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026